## BOEKBESPREKING

J. J. Pienaar: *Die inspirerende opvoedings- en opheffingsaksie van die Ned. Herv. of Geref. Kerk in Transvaal gedurende 1902—1910.* N.G. Kerk-boekhandel. Pretoria 1970. 264 bladsye, s.b., R3,00. Gepubliseer met geldelike bystand van die RGN.

Hierdie publikasie berus grootliks op die proefskrif van die skrywer om die graad D.Ed. in Historiese Opvoedkunde by UNISA te verkry. Tans doseer die skrywer Filosofiese Opvoedkunde by UNISA.

Die studie maak deels van primêre bronne gebruik, open nuwe gesigspunte t.o.v. die Kerk- en Onderwysgeskiedenis in S.A., maak belangrike rekonstruksies soos o.a. die geskiedenis van die Langlaagte Kinderhuis, die Lagersdrift arbeidskolonie, die Eendrachtskool te Pretoria en die Volkskool Heidelberg ens.

Die eerste hoofstuk openbaar egter 'n kardinale swakheid wanneer die skrywer probeer om 'n regverdiging vir ds. H. S. Bosman se politieke standpunte te gee teenoor bedenkinge as sou hy pro-Engels gewees het. Hy wyt die „swartsmeerveldtog" (p. 22) aan „kerkisme" met 'n beroep op Uys, waar Uys oor heeltemal ander feite gehandel het. Die werk sou beter gelees het indien die titel liewer was: „Ds. H. S. Bosman se inspirerende opvoedings . . ." ens.

Die skrywer maak talle kere van ongeoorloofde veralgemenings gebruik. So sal hy byvoorbeeld, na die lidmaatskap van die lede van 'n skoolkommissie kyk en dan sê dat hulle toegesien het „dat C.N.O.-beginsels soos voorgestaan deur die Ned. Herv. of Geref. Kerk" toegepas is (p. 180); omdat die leiers van die Het Volk party hoofsaaklik van ds. Bosman se gemeente was (terwyl sommige juis Gereformeerd of Hervormd was!) konkludeer hy „dat daar 'n noue verband tussen Het Volkparty en die N.H. of G. Kerk in Transvaal was" (p. 138). Hy beweer die Ned. Geref. gemeente ageer deur sy leraar op die skoolkomitee om toe te sien dat die regte onderwysers aangestel word (p.184).

Dit is duidelik dat die skrywer nie die historiese dissipline ken nie. Hy hanteer sy onderwerp met 'n sterk tendens — soos die titel aandui. Waar die geskiedskrywer minstens probeer om objektief te skryf, dra hierdie werk 'n sterk subjektiewe en apologetiese stempel. Hy skryf oor die „edele in die Afrikanervolk" (p. 5) — en beperk hom sodanig tot die Ned. Herv. of G. Kerk, dat hy die werk en bydrae van die ander twee Afrikaanse Kerke nie eens noem nie. Hy kon derhalwe gedagtes en beweginge wat by die ander Kerke of die Het Volk Hoofkomitee gebore is, met sy metode net so anneksseer vir sy kerk. Hy noem name van prominente Gereformeerdes (p. 120, 122, 151 ens.), ignoreer egter hulle aandeel en 'n mens bly sit met die vraag oor hoeveel invloed prominente C.N.O.-leiers soos J. Lion-Cachet, F. Postma, J. Kamp e.a., in die kringe van die N.H. of G. Kerk en in die Hoofkomitee van Het Volk gehad het. Daar was immers in 1905 'n volkskongres oor C.N.O. en die N.H. of G. Sinode het eers in 1906 sy steun aan C.N.O. toegesê (vgl. p. 148). Die

„inspirasie” het dus baie moontlik uit ander oorde as waar Pienaar dit soek, gekom!

Die skrywer noem die C.N.O.-beweging deel van die „inspirerende opvoedings en opheffingsaksie” — maar wanneer die N.H. of G. Kerk eerste is om die aksie te laat val ten gunste van die staatsonderwys volgens die Smutswet van 1907, vind hy dit ook weer goed dat oorgeslaan word na ’n beleid van „geleidelike ‚anneksasie’ van die staatskool deur die kerk” (p. 210). Hy val selfs L. P. Vorster (p. 217) en J. D. du Toit (p. 243) sterk aan — asof hulle kerkskole bepleit het. Dit is te betwyfel of hy aan J. D. du Toit se standpunt met die begrip „kerkskool” reg doen — maar dit word darem te erg wanneer hy moet toegee dat in N.H. of G. kringe van „kerkskole” gepraat is, maar hy sê dan sonder meer dat dit nie so bedoel was nie (p. 150, 201)! Hy meen die N.H. of G. Kerk het genoeg waarborg vir ’n goeie onderwysbeleid gehad in die feit dat sy lidmate d.m.v. Het Volk in 1907 die bewind aanvaar het! Die hele argument rus dus op *wie* (kerklidmaatskap) regeer die party en die parlement — eerder as op ’n kritiese beskrywing van die *wat* en *hoe* van die regering.

Wanneer Pienaar egter in hfst. VII probeer om die standpunt van die N.H. of G. Kerk oor die onderwys te beskryf, gebruik hy ’n rapport van ’n Jeugstudiekommissie van die gefedereerde N.G. Kerke van 30 April 1958 (verw. 3, p. 226). Dit is *onhistories* om so terug te lees asof die kerklike standpunt staties was — en die gefedereerde kerke het selfs nie eers bestaan in die tyd wat P. beskryf nie! Hy gaan egter die N.H. of G. standpunt verder verduidelik met aanhalings en verwysings na Bavinck, Kuyper, Waterink „aangesien die N.H. of G. Kerk op suiwer Gereformeerde grondslag berus” (verw. 2, p. 226). Dit is hoogs twyfelagtig en waarskynlik onjuis dat die N.H. of G. Kerk voor 1910 hom ooit op hierdie outoriteite beroep het.

Uiteraard moes Pienaar hom ook met die teologie inlaat. Om die beleid van die N.H. of G. Kerk weer te gee behandel hy onder „begripspresisering” die kerk as „instituut en as organisme” en die „leerstuk” (sic) van „algemene en besondere genade” (p. 277 e.v.). Vanselfsprekend sal hedendaagse gereformeerde teoloë hierdie laaste (en selfs die eerste) onderskeidinge grootliks bevraagteken. Veral wanneer hulle van die „negatiewe doel” van die algemene genade verneem. Opvoeding rus volgens Pienaar op die algemene genade (p. 299 e.v.) al het hy met ’n „verbondskind” te doen (p. 230). Die teologiese aspek is dus net soos die historiese onoortuigend en kennelik gebrekkig, waarskynlik omdat die skrywer nie geskoold is as teoloog of in die historiese metode nie.

Die leemtes lê groot beperkinge op die waarde van hierdie publikasie. Nietemin, lees die werk aangenaam, bevat dit geskiedenis van bepaalde skole en die arbeidskolonie en vorm dit ’n bron vir elkeen wat oor die onderwys en rehabilitasie in Transvaal gedurende 1902 en 1910 navorsing wil doen. B.S.

Prof. dr. J. H. Coetzee: *Volk(?) sonder Land(?). Versamelde opstelle oor die Kleurling in Suid-Afrika.* Pro Rege-Pers Bpk., Posbus 343, Potchefstroom 1971, 60 bladsye, vlakdruk, s.b., 75 sent.

Die kort bondige artikels in die eerste twaalf hoofstukke probeer om „aan die gemiddelde leser ... 'n algemene beeld van die Kleurlingsituasie en van die Kleurlingproblematiek te gee" (voorwoord). Die laaste hoofstuk publiseer 'n voordrag voor die A.S.B. te Pretoria 29.6.71, en bied meer akademies met bronneverwysings feitlik dieselfde aan.

Die twee vraagtekens in die titel beklemtoon tereg die verwarde, spekulatiewe, onrealistiese en *aktuele* karakter wat hierdie probleem in die S.A. leefwêreld aanneem. Elke gereformeerde Afrikaner moet hom vandag hiervan rekenskap gee en prof. Coetzee laat die leser 'n eerlike en prinsipiële ontdekkingsreis doen, gebasseer op statistieke (effens verouderd). Die kansel moet aktuele leiding gee en uitsteig bo die huidige party-politieke debat — om nie te sê dilemma nie. Die Woord moet immers spreek in die konkrete en aktuele situasie van menseverhoudinge in S.A. 'n Volstruis-politiek is voor die Here nie verantwoord nie — en ons predikante moet weet dat ook ons jeug van ons predikante eerlike worsteling en prinsipiële leiding i.p.v. kitsklaar-politieke oplossings vra. Anders gaan hulle die rug draai.

Die publikasie wys op „tragiese teenstrydighede" wat die titel beliggaam (p. 44) en onrealistiese wensdinkery by blankes oor 'n „afsonderlike volk" onder mense wat geen volk is nie (p. 45). Die kernvraag is: „Kan en mag ons die beginsel van veelvolkigheid op die Kleurling toepas met die kwalifikasie: Volk sonder land?" (p. 28). Veelvolkigheid vereis immers volkome volksverwesenliking, terwyl twee regerings in een land onmoontlik is en tot dominasie van een volk deur 'n ander moet lei (p. 20) en dus 'n beleid van „Blanke baasskap" wil bestendig (p. 27).

Die partypolitieke debat het tot dusver „meer hitte as lig opgesteek". Die anomalie gryns 'n mens aan in die definisie wat die S.A. wet van 'n Kleurling gee (L.W. op die negatiewe). „'n Lid van die S.A. bevolking wat nie 'n Bantoe is nie en ook nie 'n Blanke nie" (p.29).

Daar is obstruksies wat die idee van volkswording vir die Kleurling in die weg staan: geografiese verspreiding, geen eie staatsbestaan nie, wydverspreide sosio-ekonomiese profiel, kulturele gelaagdheid, heterogene herkomste, subkulture ens. (p. 54 e.v.). Al wat duidelik is is dat „die Regering nie integrasie WIL HÊ nie ... en dat ons nie vir die Kleurling 'n tuisland KAN GEE nie" (p. 29). Die probleem: „Integrasie WIL ons nie, segregasie KAN ons nie, dominasie MAG ons nie. Wat dan?" (p. 46). Nog regeringspersone (p. 19 v., 25 v.) nog die Engelse pers (p. 29) wys hier 'n weg.

Prof. Coetzee benader die probleem vanuit en met „EK ... EN JY" (p. 38). Op hierdie religieus-etiese grondslag wys hy 'n weg vir die toekoms. Vanweë sy grondslag moet elke gereformeerde sy ernstige aandag daaraan gee, al vereis dit „voete op die grond" en

„verandering van hart" (p. 35).

EK moet begin by wat MAG EN MOET en daarna wat KAN. Dus moet ons nie soos die politiek van die moontlike nie, maar van geregtigheid uitgaan omdat „menseverhoudinge" op die spel is wat deur tradisie en sentiment beheer word. Verandering is noodsaaklik en slegs rewolusie of reformasie kan dit bring (p. 31). Vanuit hierdie religieuse grondslag is dit die taak van die kerk om „op te roep tot beoefening van naasteliefde en geregtigheid" (p. 35). „Vir ons kinders bly dan die taak om in die atmosfeer van ontwikkeldheid en goeie gesindheid die finale struktuur te bepaal. Maar daarby sal ons uiters versigtig te werk moet gaan om hulle nie onnodig te bind deur die oordra van opvattinge wat ons verkeerdelik as onveranderlike beginsels bestempel nie" (p. 21).

Ons wil hierdie werk en sy oproep van harte aanbeveel. Die Kleurlinge het tradisioneel aangeleun teen die Protestantse, Westerse en Afrikaanse kultuur. Dit is besig om te verander, deels a.g.v. ons beleid wat van EK uitgaan maar met die EN JY nie mooi raad weet nie.

Daarbenewens moet die Kleurling ook leer om die beginsel van EN JY met 'n „welwillende en positiewe" optrede toe te pas (p. 21). „Die Kleurling moet self die geleenthede aangryp en die prestasie-kanale so gebruik dat hy deur sy lewenswyse en sy dade daardie Blanke wat twyfel aan sy menswaardigheid, oortuig" (p. 38). Hierdie werkie wil dus stimuleer tot uitdra van die Skrif in die reëele mensverhoudinge.

Die boekie is ongelukkig baie swak gebind — en verdien eintlik om van hand tot hand te gaan. B.S.

Ds. Mike Smuts (jr.): *Ons praat oor die liefde.* N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria. 38 blss., s.b., 50 sent.

'n Boekie wat in ongeveer 23 afdelings 'n gesprek met 'n jongmens wil voer oor die liefde te midde van die permissiewe problematiek wat die moderne laat adolessent omring. Dit is 'n poging om die taal van die jongmens te praat en die boekie is beslis maklik om te verstaan. Daar kom mooi momente in voor — en kan beslis enige jongmens in die hand gegee word. Of dit sondere verdere persoonlike gesprek en diepergang sal kan oortuig, sal die praktyk egter moet bewys. B.S.

## Boeke ontvang vir resensie

Adrio König: *Ek is wat Ek is.* N.G. Kerk-boekhandel, Bus 245, Pretoria. R1,35.

Red. D. J. Bosch: *Ampsbediening in Afrika* (Lux Mundi 5). Referate tydens die 5e jaarkongres van die S.A. Werkgemeenskap vir Sendingwetenskap 1972. N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria. R2,85.

Idem: *Gemeenteopbou in Afrika* (Lux Mundi 4). Deur misverstand pas ontvang. Prys R2,70.

Prof. C. W. H. Boshoff, ds. P. E. S. Smith, prof. D. Crafford: *Swart Teologie?* N.G. Kerk-boekhandel, Posbus 245, Pretoria. Prys R1,95.